kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Waarvoor wag jy?

Skriflesing: Lukas 21:25-36

Broodjies vir die pad

"Somewhere, something incredible is waiting to be known."
— Carl Sagan

"I suspect the truth is that we are waiting, all of us, against insurmountable odds, for something extraordinary to happen to us."
— Khaled Hosseini, And the Mountains Echoed

"One time, when I was very little, I climbed a tree and ate these green, sour apples. My stomach swelled and became hard like a drum, it hurt a lot. Mother said that if I'd just waited for the apples to ripen, I wouldn't have become sick. So now, whenever I really want something, I try to remember what she said about the apples."
— Khaled Hosseini, The Kite Runner

"The tears of the world are a constant quantity. For each one who begins to weep somewhere else another stops. The same is true of the laugh."
— Samuel Beckett, Waiting for Godot

"Jesus himself did not try to convert the two thieves on the cross; he waited until one of them turned to him."
— Dietrich Bonhoeffer, Letters and Papers from Prison

"He allowed himself to be swayed by his conviction that human beings are not born once and for all on the day their mothers give birth to them, but that life obliges them over and over again to give birth to themselves."
— Gabriel García Márquez, Love in the Time of Cholera

"A waiting person is a patient person. The word patience means the willingness to stay where we are and live the situation out to the full in the belief that something hidden there will manifest itself to us."
— Henri J.M. Nouwen

"Wait on the Lord" is a constant refrain in the Psalms, and it is a necessary word, for God often keeps us waiting. He is not in such a hurry as we are, and it is not his way to give more light on the future than we need for action in the present, or to guide us more than one step at a time. When in doubt, do nothing, but continue to wait on God. When action is needed, light will come."
— J.I. Packer, Knowing God

"So plant your own gardens and decorate your own soul, instead of waiting for someone to bring you flowers."
— Jorge Luis Borges

"Disbelief is more resistant than faith because it is sustained by the senses."
— Gabriel García Márquez, Of Love and Other Demons

Vincent

Verf winterblou oor jou skilderdoek
laat die aarde bloei in Namib-bruin
olyfgroen verskroei in suurlemoen;

verkoel in skadu's van blou, en bruin
verdor 'n sonneblom se sombergeel
en koring is soos 'n see wat dein

oor heuwels waar vrees in onweer speel.
'n Impasto van die lewensgang
waar raafswart sorge jou vrede steel.

In die kolk van onstuimigheid hang
die môrester aan ultramaryn
'n sterrekoor verhef 'n lofsang.

want God het tussen mense kom bly –
uit liefde gelewe en gely.

CJ Laing

"Is wellbeing only economic growth? Only salaries? Or is wellbeing also being able to breathe clean air and drink clean water?"
— Frans Timmermans

Ware vryheid is om voluit op jou eie te wals

Wilhelm Jordaan

Janis Joplin het dit met passie gesing, dié woorde van"Me and Bobby McGee": "Freedom's just another word for nothin' left to lose / Nothin', it ain't nothin' honey, if it ain't free." Ek en my vriendin neurie dit in die wind op pad see toe ná maande se harde werk.

En ek wonder oor die ding van vryheid. Wat is dít tog waaroor filosowe, teoloë en psigoloë oor soveel jare swaarwoordige én swaarmoedige tesisse skryf? Daarom teken ek ligweg hier my eerste gewaarwording van vryheid aan: Om as kind op my eerste ysterperd, my Hercules-fiets, wat my pa my gegee het, op my eie in Bloemfontein se strate rond te ry, net waar ek wil. En later vir my ma te wys: "Kyk, Ma, geen hande." Die tweede vryheid.

En dié fietsrybeeld bly my by oor baie jare – ook oor die tyd toe ek te veel grootmens was, die man in beheer; toe ek tussendeur daarna verlang het om weer my ysterperd op te saal, die wind in te haal, teen my wang te voel, in my hand te hou.

Ook toe ek 'n vers geskryf het: "Toe ek kind was in die

winter / het ek fiets gery / om die hartseer / uit my lyf te kry. / Het iemand agterna / oor my oë uitgevra / het ek die weer / die wind van voor / blameer."

En steeds wonder ek wat vryheid eintlik is.

En steeds verskaf die skrywer Nikos Kazantzakis se gek Griek, Zorba, die sleutel. Toe hy Basil, die vermoeiende intellektueel, aanpraat: "Damn it, boss, I like you too much not to say it. You've got everything except one thing: madness. A man needs a little madness, or else he never dares cut the rope and be free."

Met 'n boodskap so vars soos vanoggend se brood en botter: Wees gek genoeg om "nee" te sê vir sekerheid, orde, konformering en dans na ander se pype. Wals jou eie wals.

Dié "nee" eis egter sterk innerlike vryheid.

Dít kom nie vanself nie, want dit word bedreig deur die verstaanbare angs om van ander afgesny te wees; om alleen te staan, en die teiken te wees van ander se gelag, kritiek, bespotting en vernedering as jy nie voldoen aan hul eise, wense en verwagtings nie.

Dié angs maak dan dat 'n mens opgaan in die kudde se knus warmbroeiery; volgens die reëls wat geld in dié eenselwige, valerige meerderheid. Ydelheid en pronksug – as die knaende behoefte om gereken en geprys te word – is deel daarvan. Dit dwing jou om oordrewe waarde te heg aan die soort denke en optrede wat eer, aansien en lof bring.

Innerlike vryheid eis iets besonders. Dit kan beteken dat jy teen die gangbare manier van dink, voel en doen moet ingaan; dat jy moet pleit vir insig terwyl ander die illusie verkies; dat jy met oortuiging moet waarsku terwyl ander verkies om doof te bly; om alles op die spel te plaas en jou eie hart te volg.

'n Lewe wat spreek van innerlike vryheid word spontaan geleef en nie brutaal opgeëis nie: En jy bly vrylik "fietsry" te midde van skuiwende bakens, horisonne en bestemmings. Onder die aansporing van Zorba se "little madness".

** Jordaan is 'n emeritus professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/ware-vryheid-is-om-voluit-op-jou-eie-te-wals-20211123

I think we are waiting. That is what is at the heart of it. Even when we don't know that we are waiting, I think we are waiting. Even when we can't find words for what we are waiting for, I think we are waiting. An ancient Advent prayer supplies us with the words. "Give us grace," it says, "that we may cast off the works of darkness and put upon us the armor of light." We who live much of the time in the darkness are waiting not just at Advent, but at all times for the advent of light, of that ultimate light that is redemptive and terrifying at the same time. It is redemptive because it puts an end to the darkness, and that is also why it is terrifying, because for so long, for all our lives, the darkness has been home, and because to leave home is always cause for terror.

So to wait for Christ to come in his fullness is not just a passive thing, a pious, prayerful, churchly thing. On the contrary, to wait for Christ to come in his fullness is above all else to act in Christ's stead as fully as we know how. To wait for Christ is as best we can to be Christ to those who need us to be Christ to them most and to bring them the most we have of Christ's healing and hope because unless we bring it, it may never be brought at all.

— Frederich Buechner, Secrets in the Dark

Brood vir die pad

Apokalips verwys na ontsluiting, nie na 'die einde' nie

RRV

Sommige mag dalk die spotprent ken wat twee figure uitbeeld wat langs mekaar om 'n straathoek gestap kom. Altwee het woeste hare en dra dieselfde groot plakkaat op hul bors wat in groot letters aankondig: Die einde is naby. Die een man lyk soos 'n straatprofeet en hou 'n Bybel omhoog. Die ander is 'n karikatuur van 'n verstrooide wetenskaplike en hou 'n boek in die lug met die titel Klimaatsverandering. Die onderskrif: "Uiteindelik stem godsdiens en wetenskap saam".

Die teoloog Catherine Keller verwys na dié spotprent in haar boek Facing Apocalypse: Climate, Democracy, and Other Last Chances. Keller tree in die lig van hedendaagse krisisse in gesprek met die Bybelse boek Openbaring, wat ook (na aanleiding van die Griekse titel) die Apokalips van Johannes genoem kan word. Die woord "Apokalips" kan vir baie die gedagte van 'n verskriklike einde oproep.

Sommige kan dalk dink aan Francis Ford Coppola se 1979-oorlogsrolprent Apocalypse Now, losweg gegrond op Joseph Conrad se Heart of Darkness (1899). In sekere godsdienstige kringe word apokaliptiese geskrifte gebruik om te voorspel hoe die wêreld gaan eindig. In die proses word Bybeltekste dikwels op fundamentalistiese wyse gelees, en dien dit maklik 'n imperialistiese politieke agenda. Daarom die noodsaak om krities met skadelike taal oor "die eindtyd" om te gaan. So 'n paar jaar gelede het graffiti teen 'n muur in Berlyn my opgeval as moontlike weerstand teen só 'n soort doem-denke: "Apocalypse Not Now."

Maar dit is nie moeilik om te verstaan waarom apokaliptiese temas toenemend en wydverspreid deel van ons kulturele verbeelding geword het nie – nie net in godsdienstige kringe nie, maar ook in die letterkunde, kunste, rolprente en televisiereekse. Die pandemie, die belewenis van verval op maatskaplike en morele gebied en die bedreiging van klimaatsverandering dra onder meer hiertoe by.

Keller beklemtoon in Facing Apocalypse dat ons nie die betekenis van die Griekse woord *apokalypsis* moet vergeet nie. Dit beteken nie "die einde" nie, maar "onthulling" of "openbaring". Dit dui nie op sluiting nie, maar op ontsluiting en ontsluiering. Deur ag te slaan op apokaliptiese metafore (Keller praat van metaforces) gaan dit nie oor die voorspelling van die toekoms nie, maar oor die herkenning van dodelike patrone én hoopgewende tekens – destyds en vandag. Keller se hoop is hiervoor – 'n onthulling wat die kragte van vernietiging kan konfronteer om, in haar woorde, "to crack open, to disclose, a space where late chances, last chances, remain nonetheless real chances".

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/apokalips-verwys-na-ontsluiting-nie-na-die-einde-nie-20211112

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877